MOEDERKERK
KRUISKERK
www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za
333 jaar van genade
1686—2019
'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Jaargang 19: Semester 2: Dankfees 2019

Kyk binne vir:


Zorada se prys 2


Informele dienste 6



Liefdesdiens 8




Stories van Hoop 10-11



Eerstejaarskamp 13


Kuierfees 15


Verlies van 'n maat 16


Gebedsmandalas 17 & 20

IDENTITEITSPOLITIEK

## Vreemdelinge en Bywoners

*'n Mens is 'n mens deur mense, (umuntu ngumuntu ngabanthu)* lui die Afrika-spreekwoord en vandaar ken ons ook die woord *ubuntu* wat 'n vorm van medemenslikheid en gemeenskaplikheid tot uitdrukking bring. Maar wat is universeel aan my menswees, wat ek met almal deel? Daarteenoor, watter kenmerke het ek net met sommige mense gemeen? En hoe belangrik is daardie groeperinge waar ek sekere kenmerke met 'n groep mense deel? Wat sê dit byvoorbeeld as ek wit of bruin of swart is – behoort dit enigiets oor my te sê? Wat sê dit dat ek Afrikaans of Xhosa as my moedertaal praat? Wat sê dit as ek man of vrou is? Of hetero-, homo- of biseksueel? 'n Kapenaar of 'n Gautenger? 'n Springbok- of 'n All Black-ondersteuner?

As gholf my stokperdjie is, het ek baie gemeen met ander gholfspelers. En dalk is ek deel van 'n brugklub waar ons liefde vir die spel die belangrikste gemene deler is. Dit is alles vrae wat te doen het met my "identiteit" en die "identiteits-merkers" wat iets oor my deelwees van sekere groeperinge sê.

Wêreldwyd is daar 'n oplewing in sogenaamde "identiteitspolitiek". Ons afgelope verkiesing en die huidige diskoers in Suid-Afrika word ook (skynbaar toe-nemend) daardeur gekenmerk.




*Vervolg op 2*

### Ek wil help bou aan 'n kerk wat...

Die mense wat deel is van ons informele musiek-bediening by Kruiskerk en Hofmeyrsaal het onlangs bymekaargekom om mekaar beter te leer ken, en saam te droom en dink oor die pad vorentoe. Ek het onder andere vir almal gevra om die volgende sin te voltooi: *Ek wil help bou aan 'n kerk...."* Hieronder is so 'n paar van die reaksies - dit klink nogal vir my na 'n kerk waarvan ek ook deel wil wees:

....waar dit sigbaar is Wie ons volg.
...wat liefde uitstraal wat lyk na iets.
...waar mense ingesluit voel en aangemoedig word om te mag wees wie hul reeds is.
...waar God die middelpunt is, en nederigheid en liefde tasbaar is.
...wat mense laat resoneer met God se wil.
...waar ek volledig myself mag wees, en my diepste donker vrae mag vra.
...wat minder 'n Sondagkerk en meer 'n sewedag-kerk is.
...wat belê in die skep van veilige ruimtes; nie vervelige ruimtes nie.
...wat Christene aktiveer om hul roeping uit te leef.
...waar musiek dien as platform om te getuig van God se geheimenisvolle liefde.
...waar ons toegerus word om meer soos Jesus te leef; om leerbaar te wees al is jy al vér op die geloofspad.
...wat met 'n oor op die grond leef, en groei in haar bewuswording van glasmure wat mense uithou.
...wat relevant is tot elke sfeer van my alledaagse lewe.
....wat my help om oor geloofsgrense met mense te kan praat oor dit wat ons raak.

*Irénée Heyns* *Sien foto op 2*

Of dit nou Steve Hofmeyr is wat die boerevolk bymekaar wil bring en of dit nou Julius Malema is wat ons verseker dat dit "nog nie" nodig is om teen witmense op te tree nie – ek word sonder my toestemming gemaklik geklassifiseer in die een of ander groep in, op grond van 'n spesifieke identiteitsmerker, wat die volheid van my menswees totaal misken.

Tog jammer hoe ons die lewe vir onsself hanteerbaar probeer maak deur oorvereenvoudiging. Die feit dat ek byvoorbeeld Afrikaans praat, sê nog lank nie dat ek die waardes van die volgende Afrikaans-sprekende deel nie. Dat ek 'n man is, beteken eweneens nie dat ek my wil identifiseer met "kleedkamer-gesprekke" waar mans hulle neerbuigend of selfs neerhalend teenoor of oor vroue uitlaat nie.

Daarom is identiteitspolitiek so gevaarlik, want 'n enkele identiteits-merker word verabsoluteer en dit wat ons universeel mens maak, begin tweede viool speel. Die Bybel help ons hiermee. Ons is vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld, skryf die Hebreërbrief. My taal, kultuur, bevolkingsgroep, geslag, belangstellings en smake maak die lewe interessant, maar dis nie die bepalende faktor in my lewe nie. Dat ek aan God behoort as mens, geskape na sy beeld, bly die bepalende. En hoewel die veelheid van kenmerke, vaardighede en "genade-gawes" (dis wat 1 Kor. 12 dit noem) deel is van die kleurvolheid van God se Skepping, bly die liefde (1 Kor. 13) die allesbepalende, universele essensie van ware menswees.

*'n Mens is 'n mens deur mense!*

*Johan van der Merwe*




Lede van die informele musiekbedieninge by Kruiskerk en Hofmeyrsaal by hulle ken-mekaar-aand

## ZORADA KRY ERKENNING

# Die Andrew Murray-FAK-toekenning vir Christelike Musiek



**V.l.n.r Freddie Greeff, Reinette Terreblanche, Zorada Temmingh (jnr), Zorada met die oorkonde, Mof Terreblanche, Liza Greeff by die oorhandiging by Neethlingshof.**

Moederkerk se hoogaangeskrewe orrelis is onlangs met die Andrew Murray-FAK-toekenning vir Christelike Musiek vereer. Die oorkonde loof haar bydrae tot klassieke en kerkmusiek in Suid-Afrika met haar geniale improvisasies op die orrel, die ses CD's van haar musiek en die musikale klankbane wat sy reeds vir drie stilfilms geskep het.

Baie geluk, Zorada—ons is bevoorreg om Sondag vir Sondag na jou te kan luister! ***Red.***



**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Ria Dreyer
021 886 4729

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Santie Grosskopf
021 887 2741

Johan van der Merwe
082 940 3319
johan@moederkerk.co.za

**DIE REDAKTEUR VAN DIE *KERKBODE* SKRYF IN MAART 2019:**

# Kerknuus in die *facebook*-era




Wanneer is dit beter vir 'n nuuswebwerf om minder aktief – tjoepstil selfs – op *Facebook* te wees?

Hoe moet die verhouding van "Pyn" teenoor "Plesier" lyk voor dit 'n redelike besluit is om eenvoudig te sê *Facebook* doen jou handelsmerk meer skade as goed?

'n Onlangse episode het *Kerkbode* geraak.

'n 400-woord nuusberig oor 'n intergeloofsbyeenkoms word gepubliseer en 'n skakel daarna op *Facebook* geplaas, waarvandaan sommige *Facebook*-gebruikers deurkliek om die berig te gaan lees. Sowat 60 mense lewer direk op *Facebook* kommentaar. Die *Facebook*-blad se moderator tree op 'n kol tussenbeide en plaas 'n herinnering van die gespreksreëls wat vloek of slegsê op die blad verbied.

Sowat 600 mense lees oor die loop van drie dae die berig waarin 'n NG Kerk dominee aangehaal word waar hy onder meer oor die onlangse terreuraanval in Nieu-Seeland sê: "In Christchurch is kinders van God met onbeskryflike geweld om die lewe gebring terwyl hulle besig was om te bid. Jesus treur hieroor en sy kerk behoort hierdie mense te omarm en saam te treur."

Een van die lesers van die nuusberig werk by die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK). Hy "kan nie glo wat hy lees nie", tik hy op *Facebook*. 'n Ander leser maak beswaar, wat hy later berou, maar daardie berou word elders berig. 'n Derde leser van die berig werk by 'n Sondagkoerant en hy het die APK-man gaan uitvra. En daar gebeur 'n tamaai *Rapport*-voorbladberig, met 'n uiters onsmaaklike opskrif.

Tot hoe 'n mate was die aard van *Facebook*-kommentaar die stert wat die hond geswaai het? Of dalk in der waarheid die enigste nuuspunt in hierdie storie? Op *Rapport* se webblad volg meer as 330 kommentare onderaan hul berig wat gaan oor *Facebook*-kommentare oor *Kerkbode* se berig. Daar's g'n webskakel na die oorspronklike berig nie, want die fokus is nou volledig op *Facebook*, asook op 'n klag wat glo deur die APK-leraar by die betrokke NGK-gemeente ingedien gaan word.

Let wel, hierdie redakteursbrief gaan nie oor verslaggewers se nuussin nie. Dit gaan oor die vraag: *Hoe kan* Kerkbode *keer dat hy 'n hand daarin het dat die NG Kerk die "**low hanging fruit**" van kulturele konflik-beriggewing word?* Want hierdie tipe "meningsverskil-op-meningsforum"-nuusberigte is 'n taamlik algemene vorm van verslaggewing, soos destyds in poniekoerantberigte oor enige skandaal. Wat staan *Kerkbode* te doen?

- Moenie oor omstrede stories berig nie?
- Doen verslag, maar moet dit nie op *Facebook* deel waar die gesprek kan uitrafel en tot 'n nuuspunt buite die "*scope*" van die oorspronklike storie verhef word nie.
- Sit dit op *Facebook*, maar modereer dit strenger as wat enige redelike werksure tans toelaat. (*Kerkbode* se *Facebook*-blad is 'n meedoënlose nagdier).

Kom ons bekyk die laaste voorstel eerste. Ons vee reeds opmerkings uit en blok mense wat vloek en skel. (As jy dink die Facebook-blad is soms skurf, moenie na die uitveemandjie kyk nie!) 'n Ander leser eis: "Verwyder die artikel. As julle dit nie kan doen nie, het julle mos nie beheer oor wat op julle blad te lees is nie. Dit is ook nie ons as lesers wat julle blad moet polisieer nie, julle moet dit self doen…"

Dié leser se voorstel is basies dat ons die mag van publikasie oorgee aan die kommentaarafdeling. Wat is ons joernalistieke doelwit? En Faceboek s'n? Van rolpers tot *Facebook* tot die "*tagging*" van "*influencers*"…die storie moet úít. Die naald moet beweeg! Die aantal "unieke gebruikers" moet klim en die "bladlese", in die taal van eietydse nuuskantore, moet nuwe hoogtes bereik. Méér nog: lesers moet góns hieroor. Dit wil soms met die lees van nuusberigte voorkom dat dít die doelwit van die storie is en dat die "kontrak" met die gehoor dan basies sou lees: *Laat waai!*

En dan begewe die storie homself in die domein van Die Kommentaarleweraar. Jy kom nie sommer heelhuids deur die proses nie. Dis 'n landskap vol seerkry.

Natuurlik kan nuusbestuurders se standpunt ook wees: die lesers moet gehoor word. Het joernalistieke "mag" in die digitale era finaal na die voormalig passiewe media-ontvangers oorgekantel? En wie is hierdie nuwe gehoor? Op *Facebook* is die drumpel van deelname heel dikwels so laag as een "*LIKE*". In kommentaarafdelings word anonimiteit dikwels geduld en selfs byna maniese deelname kry gewig.

Dis nie aldag dat 'n redakteur homself afvra watter lesers hy werklik nodig het nie, watter *clicks* maar werklik kon gebly het nie. 'n Mens moet onderskei tussen die gewone kommentaarblaaie waaroor nuuswerwe redelike beheer het en *Facebook* as die tipe "Moeder van alle kommentaarblaaie", waar beheer 'n grys gebied is. En in 2019 is mens op dun digitale ys as jy nie by *Facebook* inval nie, ook in die geval van 'n klein Gereformeerde nuusdiens soos ons. Sowat 50% van www.kerkbode.co.za se verkeer kom na ons via *Facebook*. Die res is direkte verkeer, kom via ons nuusbrief of is die gevolg van lukrake soektogte op Google. So wat het ons om te verloor indien ons 'n tipe hibernasie sou oorweeg wat *Facebook* betref?

As ons eerder ons beperkte hulpbronne toespits op verslaggewing en die plasing daarvan op ons primêre platforms – www.kerkbode.co.za en die papierproduk – as om te sit en kommentare uitvee en voorbladstories in die naweekpers lees oor wilde uitlatings op ons *Facebook*-bladsy?

Ons sal aanvanklik krimp in terme van webverkeer. Dalk permanent. Dalk nie. Is dit so erg? En hoe baat die kerk en lidmate daarby – in wie se diens *Kerkbode* weer op sy beurt probeer staan? Wat word ons wys in die proses? En hoe opreg is *Facebook* se pogings om die nuuslandskap so ingrypend te verander dat lesers ons naderhand aanraai om stories te ont-publiseer – nie oor die inhoud daarvan nie, maar oor die reaksie daarop?

Daar is ook groot wysheid en selfs inspirasie te vind in kommentaar op ons *Facebook*-blad, mense wat goed uitwys wat ons nie raaksien nie, of wat op 'n manier reageer op ander se uitlatings wat jou weer iets van medemenslikheid leer. Trouens, kommentaarblaaie en *Facebook*-blaaie bied die meeste van die tyd die beste oes van insette en 'n nodige skeut perspektief. Dit bied ook 'n graad van onmiddellikheid en deelneme waarvan *Kerkbode* se eerste redakteur 170 jaar gelede uiteraard nie kon droom nie.

Henry David Thoreau (iemand wat ook met weerstand teen verandering gesukkel het!) help my soms in tye van twyfel oor netelige "vooruitgang". Hy het destyds skepties oor telegraaftegnologie gesê: "*We are in great haste to construct a magnetic telegraph from Maine to Texas; but Maine and Texas, it may be, have nothing important to communicate…*"

Thoreau was verkeerd. Beter kommunikasie het die wêreld verbeter. Maar sy vraag bly geldig. En ek dink die antwoord is *Facebook* en *Kerkbode* het wél iets belangriks om vir mekaar te sê. Dit blyk net jy kan nie kies wanneer jy jou ore toedruk nie.

*Met die skrywer se verlof verkort uit 'n redaksionele artikel in die* Kerkbode *deur* ***Le Roux Schoeman.***

# Verwondering… Verootmoediging… Vertroue… Verbeelding… Verbintenis!

*Sinodegangers was dit eens dat Sinode 2019 'n atmosfeer en gees met 'n verskil gehad het. Deurlopende treffende simboliek, spiritualiteitsessies met aangrypende lofprysing het bygedra tot 'n stemming van gewydheid en geestelike verryking. Die tema van vanjaar se sinode was **Volg Jesus met Waagmoed** en elke dag het 'n spesifieke tema gehad, met deurlopende ondersteunende spiritualiteitsessies.*

Marie Britz haal die amptelike verslag aan:

Breda Ludik van die NG gemeente Helderberg het dit soos volg verwoord: "Dit was vanjaar anders by die sinode. Aanvanklik was dit moeilik om presies te sê *wat* anders is, maar algaande het dit duidelik geword: Daar is 'n deurlopende bewustheid van die teenwoordigheid van God, meer as voorheen. Die dag is ingedeel in kleiner momente wat versprei is deur die hele dag – hier 'n gebed, daar 'n paar liedere, dan weer 'n oomblik van stilword voor ons Here. En so word die sinode toe 'n liturgie, 'n vyfdaglange erediens. En so is ons deurlopend bewus gehou van die Here se wonderlike teenwoordigheid."

Die Maandag is gewy aan **VERWONDERING** en Gielie Loubser gee die gehoor 'n terugblik op wat tydens die afgelope vier jaar deur die verskillende taakspanne en diensgroepe vermag is. Die *SinodeNuus* is saamgestel om verhale en getuienisse te deel oor die beweging van God in ons midde en hoe ons God daarin volg. Stories is vertel oor vrouebediening, nuwe gemeenteontwikkeling, predikante-begeleiding en publieke getuienis. Die nuwe tweelingverhoudings tussen NG Gemeentes en gemeentes in Khayalitsha het die sinode in verwondering gehad. Daarmee saam het Nioma Venter van Diaconia vertel van hulle nuwe ooreenkoms met Badisa. 'n Unieke eenstopdiens in die Wes-Kaap vir vroeëkinder-ontwikkeling, genaamd *Little Seeds,* het daaruit voortgespruit, 'n nuutskepping en wonderwerk wat God aan die oprig is.

Die Dinsdag se tema was **VEROOTMOEDIGING** en tydens die eerste sessie word daar gesels oor menswaardigheid. Die direkteur van die Stellenbosch Bestuurskool, Piet Naudé, beklemtoon dat die kerk 'n belangrike rol in die ekonomie speel. Op sy kenmerkende manier het Piet die harde feite en realiteite waarin ons kerk is, uitgelig. Kobus Odendaal stuur weer die tafelgesprekke na ekologie deur die vraag te vra: "Wat het ons met die aarde aangevang?" Die Taakspan vir Ras-en-Versoening kyk na die uitdagings van gemeentewees in 'n tyd soos hierdie, terwyl Braam Hanekom vyf kritiese areas uitlig wat ons toekoms as kerk gaan bepaal. Die sinodale saakgelastigde, Bossie Minnaar, kom aan die woord oor verantwoordelike rentmeesterskap en die bepaling van gemeentes se sinodale aandeel en aanwending van reserwefondse. Hy gee ook 'n oorsig oor die aktiwiteite van die onderskeie taakspanne van die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste.

Die Woensdag se dagtema was **VERTROUE**. Frederick Marais het die dag ingelui met 'n uiteensetting van die nuwe bedeling vir teologiese opleiding, terwyl Elna Mouton uitgebrei het oor die Andrew Murray-Sentrum vir Spiritualiteit wat onlangs in Wellington geopen is. Die regskommissie het onder leiding van Charl Stander en Quintus Heine die sinode gehelp om die belangrikheid en waarde van 'n sinodaal-presbiteriale stelsel te verstaan. Hier is die funksionering en belangrikheid van die onderskeie ampte van die kerk uiteengesit en verder toegelig. Die sinode het die voorgestelde reglemente hiervoor goedgekeur. Ons kan na die afloop van die Algemene Sinode op die uitkyk wees vir die nuwe reglementebundel wat saam met die Kerkorde sal verskyn.

Die verslag van die Moderamen (die sinode se "Bestuurspan") het gehandel oor die 16 fokusareas waaraan die Moderamen die afgelope vier jaar aandag geskenk het. Van die hoogtepunte in die verslag was evangelisasie, die rol van *millenials* in die kerk, leierskapsontwikkeling, ekologie, kerkeenheid en selfdegeslag-verhoudings. Pieter van der Walt en Heerden van Niekerk hou hierna 'n omvattende verslag van die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake se werk oor selfdegeslagverhoudings aan die sinode voor. Die kern van die verslag is 'n bespreking van identiteit, eenheid, liggaamlikheid en geregtigheid.

Die Donderdag word volgens die tema 'n reis van **VERBEELDING**. Anriette de Ridder het die sinode op 'n aanloklike reis van verbeelding en kreatiwiteit oor Jeugbediening gelei. Die gesprek oor die kerk van die toekoms saam met jong volwassenes het sinodegangers uitgedaag om tydens die tafelgesprekke met vindingryke voorstelle vorendag te kom wat kan help om die kerk van die toekoms te vorm. Nioma Venter het die gesprek verder geneem en die realiteit van kerkwees in 'n land wat daagliks nood ervaar, uitgebeeld. 'n Aangrypende dokumentêre video is gemaak oor hoe die kerk 'n spiraal van hoop vir elkeen in nood is. Die harde feite oor aardverwarming, klimaatsverandering en ekologie is verder deur prof. Bob Scholes van die Witwatersrandse Universiteit belig. Hy het die sinode gehelp om te besef dat elke gelowige 'n getuienisrol kan speel in die wyse waarop ons die aarde beskerm. Gustav Meyer het die sinode se fokus geskuif na "Vars Maniere van Kerkwees" en verhale vertel waar geloofsgemeenskappe in unieke situasies gevorm word.


Die dag is verder op 'n verbeeldingsvlug geneem toe Pieter van der Walt, Gielie Loubser en Karlien Becker 'n nuwe produk vir evangelisasie bekend gestel het. "***VERTEL**: Dra die Goeie nuus*" is werklik goeie nuus vir gemeentes en die wêreld. Dit wil gemeentes help om met vertroue, nuwe motivering en goeie vaardighede die goeie nuus van die evangelie met ander mense te deel. Gemeentes kan Bybel-Media kontak vir meer inligting. Die dag is met nuwe verbeeldingsvlugte oor teologiese opleiding afgesluit.

Die laaste dag se tema was **VERBINTENIS**. Die dag is begin met die gesprek oor kerkeenheid. Nelis Janse van Rensburg het die totstandkoming van die 'tussen-orde' verduidelik. Dit is 'n dokument wat deur die Algemene Sinode van die NG Kerk sowel as die Algemene Sinode van die VGKSA goedgekeur is. 'n Kopie (*Pilgrimage to Unity*) is aan elke gemeente uitgedeel. Dit stel kerkrade, gemeentes, ringe en sinodes in staat om te kan verenig.

## VERBINTENIS

Die volgende verbintenis is aan die einde van die sinode gemaak:

- *Ons is in verwondering oor die verlossende werk van die Vader en die Seun en die Gees in ons gemeenskappe en hoe God ons as kerk daarvan deel maak.*
- *In verootmoediging waag ons om eerlik te wees oor ons vrees en huiwering.*
- *Ons vertrou met broosheid die Evangelie van die lewende Here Jesus Christus by wie daar geen onderskeid tussen mense is nie.*
- *Ons verbind ons om verbeeldingryk as gestuurdes aan God se helende werk deel te neem tot verryking van sy skepping, wetende dat die Gees met onuitspreeklike versugtinge vir ons pleit.*








Torah scroll

## ORDE IN DIE OU TESTAMENT?

Onlangs, op die TV-program "Kruiskyk", sien ek hoe 'n predikant in die Verenigde State van Amerika verduidelik wat die tyd-orde is waarin die boeke van die Ou Testament geskryf is. Dit lyk toe vir my interessant en ek slaan dit na op Google. In die tabel onder is die resultate van my baie vinnige en oppervlakkige navorsing. Ek waarborg nie dat dit alles reg is nie, maar dit gee 'n mens darem 'n idee.

*Piet Claassen*

| **Eeu VC** | **Boeke van die Ou Testament**<br>(Die nommers voor elke naam dui die volgorde van boeke in die Bybel aan; byvoorbeeld, Jesaja is die twintigste boek in die Bybel, Hosea die vyf-en-twintigste) |
|---|---|
| 8 – 7 | 20: Jesaja (deel 1); 25: Hosea; 27: Amos; 30: Miga (deel 2). |
| 7 | 6: Josua; 7: Rigters; 9: Samuel I & II; 10: Konings I & II; 31: Nahum; 32: Habakuk; 33: Sefanja. |
| 6 | 5: Deuteronomium; 8: Rut; 16: Psalms (vroeë); 20: Jesaja (deel 2); 21: Jeremia; 22: Klaagliedere; 23: Esegiël; 28: Obadja. |
| 5– 4 | 1: Genesis; 2: Exodus; 3: Levitikus; 4: Numeri; 11: Kronieke I & II; 12: Esra; 13: Nehemia; 20: Jesaja (deel 3); 34: Haggai; 35: Sagaria; 36: Maleagi. |
| 3 – 2 | 15: Job; 16: Psalms (meeste); 18: Prediker; 19: Hooglied; 26: Joël; 29: Jona. |
| 2 – 1 | 14: Ester; 24: Daniël. |
| 1 en later | 19: Spreuke van Salomo. |



Uitbeelding van Esra (480-440) wat die Torah (Pentateuch) aan die teruggekeerde ballinge by die herboude Jerusalem-muur voorlees. Bron: Alamy.com

# INFORMELE DIENSTE

# ’n Nuwe vertakking in die Stroom...



In die vierde kwartaal van 2018 is daar vir ’n proeftydperk ’n informele diens in die Hofmeyrsaal begin om te kyk of hierdie diens ook in ander behoeftes van lidmate van ons kerk kan voorsien. Die Here het ons kom verras, geseën en ons wildste drome oortref. Binne ’n kort tydjie het die nuus versprei en is die diens nie net deur Moederkerklidmate bygewoon nie, maar het ook nuwe lede ’n tuiste hier by Moederkerk kom vind.

Wat ’n voorreg om binne één gemeente soveel verskillende ruimtes te hê, waar ons saam die Here kan aanbid, by sy voete kan stilword en sy woorde en gedagtes vir ons lewens kan oordink! Verskillende style en lofprysingsgeleenthede word geskep en sodoende kan ons as Moederkerklidmate ’n Rivier van Lewende Water wees, wat vloei na buite en ander mense aanraak.

Soggens word lede van die informele diens begroet met ’n koppie koffie, tee of ’n warm sjokoladedrankie. Ons word begelei deur ’n baie bekwame groep sangers wat ’n verskeidenheid instrumente bespeel en ook wonderlike nuwe lofprysing- en aanbiddingsliedere aan ons bekendstel. Ons volg steeds dieselfde temas en tekste as in die formele dienste en die Here se Woord word op ’n informele wyse bedien. Lidmate wat hierdie dienste bywoon, beslaan ’n wye verskeidenheid mense, van jonk tot oud. Die kinders verdaag ook hier na die Kweekskool ná ’n storie deur die prediker, om verder onderrig te ontvang. ’n Ruimte vir kleuters word ook tans by die Hofmeyrsaal ingerig.

Ons is bevoorreg om dieselfde Here te dien, één kerk te wees, onder dieselfde “sambreel” te staan, voor dieselfde Kruis te kniel en tog ook ons eie identiteit te ontwikkel. Hierdie eenheid binne ’n nuwe ontwikkeling is vir ons ’n reusevoorreg. Ons staan in verwondering, met ons hande gevou in aanbidding en ons oë gerig na Bo en eer sy naam hiervoor!

*Magda Scholtz*

**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Johan van der Merwe
Richard van Wyk
Marie Britz
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Ruben Scheepers
Wynand Nel



**NG Kerk Stellenbosch (Moederkerk) informele dienste**
**Plek: Hofmeyrsaal, Kerkstraat**
**Tyd: Sondae 9h30, maar loer vroeg in vir koffie tee of warm sjokoladedrankies**
**Navrae: 021 883 3458 of Kerkkantoor, Drostdystraat 2, Stellenbosch.**

# *Die verskil wat twintig jaar maak: twee stories*

’N VOORMALIGE WEERMAG-KOORLID VERTEL

## Om ’n Kanarie in die Nuwe Suid-Afrika te wees

Ek was bevoorreg om deel te kon wees van die **Kanaries** (SANW se Kerkkoor- en Konsertgroep) van 1996. Om verskeie redes was die Kanaries vir my 'n reddingsboei! As 18 jarige was ek baie onseker oor die lewe na skool, en vandag steeds dankbaar dat 'n onderwyser (en oud-kolonel) by ons skool my aangespoor het om dit te oorweeg.

Dit was natuurlik kort na die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika, en dus ook 'n tyd van ontwrigting en hoop. Ek onthou goed hoe ek op die dag van my negentiende verjaardag saam met 580 verwarde troepe ingeklaar het by Valhalla Lugmagbasis vir basiese opleiding: aspirant vlieëniers, hekwagte, ingenieurs, sjefs, vragmotordrywers en Kanaries. Soos die res, was ons 35 Kanaries 'n smorgasbord van elke sfeer van Suid-Afrika: bruin, wit, Afrikaans, Sotho, Tswana, Engels, Zoeloe, Xhosa - vir die eerste keer in my lewe het ek verstaan wat reënboognasie werklik beteken. Ongekend, onbemind.

Ek het ontdek hoe samebindend, kreatief en kragtig die taal van musiek is’ veral die gawe om sáám met ander musiek te kan maak. En ek het beleef hoe dit die weg baan vir ware, eerlike kameraadskap; vriende wat nader as broers is. Soos Spreuke 27:6 sê: "Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene." Ons het nagte om eerlik gepraat oor ons diepste vrese en vreugdes; oor die moeilike vrae oor ons land, geloof en menswees. Ek sal ewig dankbaar wees teenoor my vriend Fortune Mahlela wat my nuwe oë gegee het.

> *"Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene."*
>
> *Spreuke 27:6*

Ons het hierdie diverse land van ons platgetoer en oral konserte gehou; ons het die mooi en morsige kant van die lewe gesien. Ek sal nooit vergeet wat gebeur het op dorp X nie, waar ek gesien het hoe lyk geloofswaagmoed. Soos die gewoonte was, is ons ingedeel by gasouers waar ons sou vertoef vir die nag.

Die organiseerder van die dorp, wat die indelings gedoen het, het klinies gesê daar is plek by gas-ouers vir almal wat wit is.

"Staan julle asseblief dáárdie kant", het hy gesê, sonder om op te kyk en met sy hand beduie. Ons bruin en swart broers is gevra om terug te klim op die bus wat hul na die Weermagbasis sal vat: "Julle moet asseblief daar oorslaap en eet. Ons is seker julle verstaan..."

Stilte.

"*Nee*..." het ons kapelaan, Adriaan Kotzé, ferm reageer. Sonder om een keer na die organiseerder te kyk, het hy tydsaam ons hele groep een vir een in die oë gekyk, en ons daarna aangesê om almal op die bus terug te klim.

Van binne die bus kon ons sien hoe hy en die organiseerder vir 'n minuut of wat woorde wissel.

Ons kapelaan het omgedraai en op die bus geklim, en gesê: "As ons wil help bou aan 'n nuwe Suid-Afrika, is ons sterkste boodskap om nie vanaand hier te bly nie."

Almal het instemmend geknik. Fortune se trane het sy glimlag net mooier gemaak. Ons het die pad gevat terug Valhalla toe; 'n onbeplande rit van 1200km met meer as genoeg om oor te sing en te gesels.

*Irénée Heyns*

o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

## ’N ROLPRENT WAT SAAK MAAK

### Jan Coetzer vertel:




In Desember 2016 het ek die voorreg gehad om in die 2018 film ***Kanarie*** as ’n ekstra te speel. Ek het op daardie stadium nog in die Universiteitskoor gesing en die dirigent, André van der Merwe, het ’n paar van ons gevra om die klankbaan van die film op te neem, asook om in die film die “koorlede” te speel.

Tydens die verfilmingsproses het ek die geleentheid gehad om met talle mede-*Kanaries* te gesels. Dit het goeie dialoog geskep en het verskeie geleenthede gebied om met mense te gesels oor homoseksualiteit, en (natuurlik) mét mense wat nie heteroseksueel is nie.

Ek moes lank wag voordat ek vir die eerste keer die finale produk kon sien. Ek was verstom oor die wyse waarop die regisseur die storie (van ’n jongman se ontluikende bewussyn van “anders wees”) vertel het. Wat dit nog meer merkwaardig gemaak het, is die feit dat ek, nadat die film uitgekom het (terloops, ’n doelbewuste woordspeling) verskeie geleenthede gehad het om met Charl-Johan Lingenfelder te gesels, die persoon wie se lewensverhaal in die film uitgebeeld word. Die film kry dit reg om die persoonlike, emosionele, en ook geloofstruikelblokke van iemand wat nie heteroseksueel is nie, op ’n wyse wat enige persoon diep sal aanraak, uit te beeld. Dis die deurgronde *werklikheid* van die storie wat die film so aantreklik maak.

*Kanarie* is tans relevant, aangesien dit die heersende Afrikanerkultuur direk deur ’n lens van menswaardigheid aanspreek.

**MAGDALEEN VERTEL :**

# Besoek aan ’n land van saffraan en tapyte

Wanneer ’n mens op Imam Khomeini lughawe buite Tehran afklim, is dit duidelik hierdie is nie die land van melk en heuning nie! Mense lyk moeg. Die swaarkry is ooglopend wanneer hulle sleepvoetend by jou verbystap.

Ek en ons oudste seun het Iran gedurende die Persiese Nuwejaar (22 Maart tot 7 April) besoek. Alles was beplan rondom die troue van ’n vriend, ’n oud meestersgraad-student van Stellenbosch Universiteit. Ali het ons lankal genooi en ons was opgewonde dat God finansieel voorsien het. So kon ons deelneem aan die groot fees in die stad Kermansha, naby die grens van Irak. Op die troue was etlike ander oud-Maties, ’n heerlike reünie.

Iran is ’n pragtige land met vriendelike mense, wonderlike kos en huise getooi met die mooiste matte. Jammer dat die media hulle uitbeeld as Moslem-terroriste terwyl die meerderheid van die 80 miljoen Farsi-sprekendes net in vrede hulle eie, ryk Persiese kultuur en geskiedenis wil uitleef. Die regering se militêre inmenging in omliggende lande maak almal armer, die toekoms duister. Sanksies maak die lewe by die dag moeiliker. Mense is moedeloos. Geld devalueer daagliks en salarisse is buite verhouding klein. Maak nie saak hoeveel nulle op die banknoot nie, jy is net ’n miljoenêr as die noot koopkrag het. Vriende vertel dat niemand kan bekostig om familie oor te nooi vir etes nie; kos is net te duur.



Die enkele kerke is slegs vir Iranese van Armeense agtergrond, dus besoek Moslems die kerke gedurende die week wanneer dit as museums oopgestel word. Hulle sit daar vir lang tye om die vrede in te drink.

Die ondergrondse kerk groei vinnig. Lidmate word gearresteer en gemartel wanneer die godsdienspolisie hulle uitsnuffel. Tog word gereken dat daar reeds 1 miljoen Christene in Iran is.

Vrydae se kerkdiens en nagmaal in die hoofstad met ’n paar buitelanders was ’n hoogtepunt. Die regering gee toestemming, solank geen Iranese ingelaat word nie. Baie lidmate werk in Iran bloot omdat hulle Christus wil uitleef. Die kragtige afsluitingslied altyd: ‘*You’re the God of this city, you’re the King of these people…….you’re Light in this darkness, the Hope to the hopeless…’*

Tyd het ons beperk, maar ons besoeke aan ou en nuwe vriende het hoop gebring. Ons vertrek was met baie trane, dus vertrou ons om met steeds meer beperkende sosiale media tog kontak te hou en die vlam van God se Lig in daardie huise aan die brand te hou.

*Magdaleen Goosen*

*o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0*





Die Internasionale Bediening vier die sukses van verskeie graduandi




Dr Takyi van Ghana het tydens die April gradeplegtigheid van die US ’n PhD in Fisika ontvang.

**ONS INTERNASIONALE FAMILIE**





**Bo:** Die ondersteuningsgroep vir vroue van internasionale studente en Mariet Brink met besoek aan Oude Nectar tuin.



**Bo:** Die Goosens groet vir Simon (tweede van regs) wat op pad is, terug Duitsland toe.
**Links:** Besoek aan Tafelberg met egpare van Tanzanië en Sri Lanka

Ruben Scheepers
Managing Director
0723455683
ruben@stellumthombo.co.za
www.stellumthombo.co.za

STELLUMTHOMBO

## WAT IS STELLUMTHOMBO?

**Stellumthombo is 'n onafhanklike openbarevoordeel-maatskappy ("public benefit company").** Dit hanteer alle donasies namens die drie bene van Moederkerk se gemeenskapsuitreikaksies en verskaf Artikel 18A Inkomstebelastingsertifikate op versoek aan skenkers, ook skenkers van buite die Gemeente.

Die drie bene is:

- **Straatlig,** wat met haweloses en ander verstotenes werk, staan hulle met raad en daad op hul weg na rehabilitasie by.
- **Becoming Kids,** wat op kinders van Cloetesville fokus wat in baie swak huislike omstandighede moet oorleef, gee vir hulle vastigheid in hulle lewetjies.
- **Masandise Studiehulp,** wat uit 'n span vrywillige mentors bestaan, help arm jongmense om hulle uit hul armoede uit te studeer en hulle vir 'n goeie betrekking te bekwaam .

**Stellumthombo**
**SnapScan**

*Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:*
marianne@moederkerk.co.za



Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2019-20 word met dank ontvang.

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: *Straatlig / BecomingKids / Masandise Studiehulp***

o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0




## straatlig

### *se Street store:* "Kom, koop, sonder geld…"

Twee keer per jaar hou Straatlig 'n *Street store* vir haweloses. Klere vir die geleentheid word deur die jaar ingesamel en, indien kontantdonasies ontvang word, word daar ook nuwe klere aangekoop vir hierdie geldlose "inkopiedag."

Vir die geleentheid word die klere in die Khaya uitgepak en die haweloses of straatmense stap saam met 'n vrywilliger deur die klere en soek waarvan hulle hou. Hulle word beperk tot 'n sekere aantal kledingstukke elk, om seker te maak dat almal 'n warm baadjie, 'n paar skoene, langbroek en sokkies ontvang.



Daar is ook 'n paar bederf-items soos serpe, musse, handsakke en handskoene.

Tydens die eerste *Street store* op 12 April 2019 het 83 individue klere ontvang. Straatlig moedig 'n kultuur van verantwoordelike gee aan. Dus word alles op 'n databasis aangeteken en die gemeenskap kan gerus wees dat die haweloses van die dorp toegerus is met warm klere vir die winter. Straatlig is dankbaar vir die donasies wat hulle van die gemeenskap ontvang vir die *Street store*-projek.

Daar is gewoonlik 'n tekort aan skoene, langbroeke en warm truie of jekkers vir mans. Kontantdonasies wat vir die *Street store* ontvang word, word gebruik om hierdie behoeftes aan te spreek. Nuwe skoene of goeie kwaliteit tweedehandse skoene is dwarsdeur die jaar 'n noodsaaklikheid vir die haweloses, omdat hulle baie stap en hulle in die winter in nat omstandighede moet funksioneer.

Die tweede *Street store* is in Augustus in die Khaya gehou. Ons beplan nog baie *Street stores* vir die toekoms. Die gemeenskap of gemeentelede kan betrokke raak deur klere te skenk, die *Street store* te help inrig, kontant te skenk vir aankope van klere of skoene, of as vrywilliger op te tree tydens die dag van die *Street store*. Hou die Bulletin dop vir die volgende aankondiging.

*Sonia Olivier*



# BecomingKids kry (en gee) hoop

BecomingKids is opgewonde oor die aansluiting van 'n nuwe personeellid, Lucky Nyatela. Lucky is sedert 2017 in die gemeente se Echohuis betrokke en het aan die begin van vanjaar deeltyds by ons aangesluit. Lucky se dinamiese persoonlikheid en passie vir die kinders met wie hy werk maak van hom 'n welkome toevoeging tot ons span. Hy het ook nie op hom laat wag om voor te vat en sy sporttalent tot die kinders se voordeel te laat werk nie. Ons kan nou spog dat daar twee maal per week 'n uurlange oefensessie is om die kinders se swak spier-tonus te ontwikkel. Hierdie spierontwikkeling bevorder hoër energievlakke, wat uiteindelik lei tot beter konsentrasievlakke op skool. Ons sien daarna uit om verder in die jaar te ervaar hoe Lucky vir beide ons en die kinders uitdaag.

Vanjaar is ons ook bevoorreg om Claudia Ribiero van Brasilië by ons te hê. Claudia doen saam met ons tienermeisies weeklikse sessies oor selfbeeld, veiligheid, seksualiteit, ontwikkeling, en ander lewenslesse, en bied selfs ook kookklasse aan. Die meisies geniet dit vreeslik baie en is alte gretig om haar in Portugees te groet, maar verder praat hulle Engels.

BecomingKids het ook in Mei met Khula en Kindersorg saamgespan om klem te plaas op Kinderbeskermingsmaand. Tydens die maand is vyf van die laerskole in Cloetesville en Idasvallei besoek om kinders bewus te maak van liggaamsveiligheid. In hierdie maand is gemeentelede ook aangemoedig om 'n groen lint te dra as teken van bewusmaking van kinderbeskerming. Die groen lint simboliseer lewe, hoop en versorging. Vir meer inligting oor kinderbeskerming, volg asseblief Stellumthombo op *Facebook*.

Groete

Arina, Weybrandt & Lucky



Lucky laat die kinders oefen





Kunsklasse by die Rupert-museum

o0o0o0o0o0o0o0o0o

BecomingKids woon elke Dinsdagmiddag kunsklasse by die Rupert Kunsmuseum by. Hierdie klasse en al die materiaal word gratis vir BecomingKids aangebied. Weekliks word daar kuns in die museum besigtig en nuwe tegnieke aangeleer. Ons is baie dankbaar vir hierdie geleentheid en sien uit na nog vele kunswerke van ons jong kunstenaars. Om deel te word van hierdie projek, skakel asseblief vir **Arina** by arina@stellumthombo.co.za **of 021 883 3458.**



o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## *'n Masandise Mentor skryf aan 'n donateur:*

*Liewe R*

*Uit konteks geneem, maar "Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord" (Jes 65:24) is hoe dit gevoel het toe ons jou boodskap en ruim bydrae kry, minder as 24 uur nadat ons van Sinethemba se verlies gehoor het. 'n Week later was ek in sy klein een-vertrek shack terwyl hy die nuwe laptop oopgemaak het. Hy kon net oor en oor uitroep: "Wow! Grandma ..."*

*Dit gaan rof in Kayamandi. Sinethemba is 'n plaasseun met min blootstelling aan die wêreld van Kayamandi. Naby hom is by vier shacks ingebreek en die studente se skootrekenaars gesteel terwyl hulle almal geslaap het. Blykbaar word iets onder die deur ingeblaas om hulle dieper te laat slaap. Om 6h00, toe hy wakker word, staan sy voordeur wawydoop en hy weet niks daarvan nie.*

*Maar daar is ook baie mooi dinge aan die gebeur daar en ons kan baie stories vertel van studente wat met deursettingsvermoe hulleself uit die "spiraal van armoede" gewerk het, wat nou in permanente poste staan en hulle uitgebreide families ook help.*

*Masandise Studiehulp is sedert 2005 aan die werk. Ons het geleer, soos die tyd verbygegaan het en oud-studente bly die mentors se vriende. Soms was die Here se seën op ons pogings so mildelik dat dit gevoel het asof "everything we touched, turned gold"... en vir ons is dit 'n groot voorreg om deel daarvan te kon/kan wees.*



Sinethemba ('n skuilnaam) het al ses sy IT vakke by Boland Kollege in Junie geslaag, vier van hulle met onderskeiding! Sy droom is om eendag vir sy plaaswerker -ma 'n "mansion" te bou!

*Dankie, liewe skenker, vir jou aandeel aan Sinethemba se sukses!*

*Seënwense,*

*Masandise Mentor*

# Stories van hoop

## Ontmoet Lethabo Lentwa*



Hierdie jong Xhosa meisie is gebore in die Wes-Kaap, 'n kind van die nuwe demokratiese Suid-Afrika. Sy was in Hazendal Primary School in Athlone tot graad 6. Daarna is sy na Bridge House Akademie in Franschhoek, waar sy in 2015 matriek met goeie punte geslaag het. Haar paadjie het haar toe na Johannesburg geneem, waar sy ingeskryf het vir 'n kursus in Bemarking by Sedibeng Kollege, maar na 6 maande moes sy na Kaapstad terugkeer, na haar ouma, Petronella Lentwa, se huis.




Die huis is ook 'n tehuis vir weeskinders, Priscilla's Home Care. Die kinderhuis word grootliks deur donateurs in Engeland en Switzerland (*More-2-Life* Liefdadigheidsorganisasie) en Suid-Afrika befonds. Tinus van Zyl, afgetrede predikant, administreer die fondse en sorg ook vir die onderhoud van die fasiliteite. Tans is daar ses seuns en twee dogtertjies in die huis, sowel as Priscilla en vier volwasse familielede wat geen huise, werk of inkomste het nie. Twee vroue van Nyanga versorg die huishouding en 'n derde dame kom smiddae as 'n naskoolse "onderwysers" in, om die kinders te help met hulle huiswerk. Hierdie drie dames word uit die donasiefonds betaal.


Lethabo het probeer om haar Bemarkingstudies by CPUT voort te sit, maar die vervoer van Nyanga na Kaapstad was so duur dat sy verplig was om haar studies te staak. Haar lewe het min of meer tot stilstand gekom en sy het een van die duisende jong Suid-Afrikaners geword sonder opleiding, sonder werk, sonder inkomste, sonder 'n plan vir die toekoms.

Van kleintyd af was Lethabo in grimering, vel- en haarversorging geïnteresseerd en sy het besluit om dit as loopbaan te volg. In 2017 het sy begin om haarself met behulp van *YouTube*-tutoriale vir die skoonheidsbedryf op te lei, en sy het 'n sakgeldjie met haarkappery in Nyanga verdien.

In 2018 het Tinus van Zyl met haar begin gesels en eintlik net één vraag gevra: "Lethabo, wat is jou droom vir die toekoms?" Haar antwoord: "I've always loved makeup and I want to be a professional makeup artist on set with other makeup artists." Dit het die bal aan die rol gesit.



Tans is Lethabo besig met 'n beginnerskursus by *Shanaaz Alexander, Professional Makeup and Hair Artist*, in Muizenberg. Die kursusfooi is deur Masandise betaal. Vervoer tussen Nyanga en Muizenberg is 'n groot probleem: Lethabo ry soggens met Taxify (Uber-tipe vervoer, maar ietwat meer bekostigbaar as Uber; die enigste manier waarop sy kan seker maak dat sy betyds in Muizenberg aankom) en sy neem drie verskillende taxis wanneer sy terugkeer Nyanga toe (goedkoper, maar baie tydrowend). Haar vervoerkoste word deels deur 'n privaat donateur gesubsidieer; die res moet sy self met klein werkies bymekaarmaak.



Op die oomblik is sy besig met die basiese kursus en sy sal dit baie graag wil opvolg met 'n gevorderde kursus – op die oomblik is dit egter nie 'n plan nie, slegs 'n droom… Lethabo sê:

***"Thank you VERY much to Moederkerk for this fantastic opportunity! I am loving the course and enjoying every minute of it."***

*Marina van Zyl*

*LW, "Lethabo Lentwa" is 'n skuilnaam.

## Van wanhoop na hoop: Clement se storie—twee jaar later



Onthou julle al die energie (finansieel en emosioneel) wat ons aanvanklik in die jong Pedispreker Clement H uit Limpopo gesit het toe hy Aktuariële Wetenskappe hier op die Stellenbosch kampus begin het? Sy agterstand, met, onder andere, geen rekenaarervaring nie, was 'n groot bekommernis vir Masandise. En hy het vreeslik verlang na sy moedertaal, want Xhosa, Engels én Afrikaans was ewe vreemd vir die jongman van Limpopo wat met baie hoop, maar geen geld nie, hier aangekom het.

Hy studeer tans by Bloemfontein. Sy Masandise mentor het kontak met hom behou. Hy is nou in sy derde jaar. Hoewel hy een vak sleep, het hy ook 'n klomp onderskeidings! (Hy het verlede jaar benoud laat weet dat hy geweldig sukkel met een van sy vakke. Hy was moedeloos en wou net tou opgooi. 'n Paar ekstra klasse was nodig. Dit het maar R120 vir 'n 2 uur-lange klas gekos en toe is hy weer op dreef.)

**2018 Bachelor of Science majoring in Actuarial Sciences**

- Actuarial Financial Management ACSF1613 77 12 Pass with Distinction
- Actuarial Financial Reporting ACSF1623 67 12 Pass
- Advanced Financial Mathematics ACSF2746 43 0 Fail
- Introduction to Actuarial Science ACSG1614 78 16 Pass with Distinction
- Computer Literacy: Part 1 CSIL1511 79 4 Pass with Distinction
- Computer Literacy: Part 2 CSIL1521 67 4 Pass
- English Academic Literacy in Economic and Management Sciences EALE1508 75 32 Pass with Distinction
- Macroeconomics EMAC2724 79 16 Pass with Distinction
- Microeconomics EMIC2714 87 16 Pass with Distinction
- Ordinary Differential Equations MATA2644 0 0 Incomplete
- Calculus MATM1614 57 16 Pass
- Sequences and Series MATM2664 0 0 Incomplete
- Introductory Statistics STSM1614 91 16 Pass with Distinction
- Undergraduate Core Curriculum UFS 101 90 16 Pass with Distinction
- Introductory Financial Mathematics ACSF2716 75 24 Recognition

Emosionele ondersteuning is goud werd vir die eerstegenerasie student wat die tersiêre studieveld betree.

Masandise se aanvanklike finansiële hulp en deurlopende emosionele ondersteuning (sedert hy weg is kry hy nie finansiële ondersteuning nie) is deel van Clement se sukses. Dankie, Gemeente!

*Marida van der Merwe*

# Moedergemeente se Visie is vanjaar 20 jaar oud - nee, *jonk*!

## Die ontstaan van die visie en hoe dit ons steeds rig op pad saam met die Here

In die laat negentigerjare, met drr Clifford Heys en Hannes Koornhof as voltydse leraars van die gemeente en ds Andries Schwartz as gestuurde dominee van Moedergemeente in Chiconono in Mosambiek, was daar baie energie in Moedergemeente, maar nie genoeg fokus nie. Na besinning is besluit om dr Frederick Marais, wat toe in die Wes-Kaap die Predikant vir Gemeentebegeleiding was, te nader om te help om ’n skerper fokus te kry. Frederick se advies was om ’n proses te begin om ’n *visie* vir die gemeente te bepaal. ’n Uitnodiging is aan alle gemeentelede gerig om deel van ’n groep te vorm wat hierdie proses sou bestuur. Die reaksie was oorweldigend en talle lidmate met besonder toepaslike gawes vir so ’n proses het na vore gekom.

Die proses het onder andere drie naweeksessies in Kleinmond ingesluit waar die doel was om te hoor wat die Here se wil vir Moedergemeente is. Frederick se fasilitering tydens hierdie naweke was besonders en elke keer is elke persoon gevra om alleen met die Bybel te gaan sit en eerstens te vra na die Here se wil vir hom/haar persoonlik, en dan daarna te vra na die Here se wil vir Moedergemeente. Daar is op ’n stadium van simbole gebruik gemaak (bv om iets uit te beeld met klei van hoe die Here *my persoonlik* wil gebruik) en veral ook later beelde of metafore in die Woord wat ons by ’n moontlike visiebeeld kon uitbring. Daar is in drie groepe gewerk (dit was ’n aansienlike getal lidmate en dus meer prakties om in drie kleiner groepies te verdeel) en elke groep het na intense sessies aanvanklik met ’n ander beeld gekom. Die drie aanvanklike beelde was die gemeente as ’n *wingerd*, as Ån *berg* en as Ån *rivier*. Toe stuur Frederick die drie groepe weer weg om ernstig te gaan besin oor watter beeld die Here vir ons as gemeente wil gee. Die wonderwerk wat toe plaasgevind het, was dat *aldrie* groepe die beeld van ’n rivier verkies het. Esegiël 47:1-12 was die sentrale teks wat aanleiding tot hierdie beeld gegee het. Daar was ’n gewyde stilte toe dit tot die groep deurdring wat gebeur het. Frederick se woorde was: “Ons staan op heilige grond.”

Hierna het ’n kleiner groepie begin werk aan die bewoording van die visie gebaseer op die beeld van ’n rivier, wat gekulmineer het in:

**Ons,**
**Stellenbosch Moedergemeente, wil in afhanklikheid van God**
**’n Rivier van Lewende Water wees.**

**Ons bely dat**
**Jesus Christus die lewende water,**
**God die Vader die oorsprong en**
**die Heilige Gees die vernuwende krag is.**

**Ons bid dat**
**hierdie lewende water**
**soos ’n bruisende stroom**
**deur ons gemeente sal vloei**
**en wyd sal vertak**
**om die gemeente en die wêreld**
**te reining, lewe te gee,**
**en hoop te bring.**

Toe die visie in 1999 gefinaliseer is, is besluit om ’n Visiefees te hou om te vier wat die Here vir ons gegee het. Daar is selfs ’n Visielied deur ’n lidmaat (‘n sakeman) op die wysie van *Op berge en in dale* (Lied 509) geskryf en dit is met groot vreugde die eerste keer tydens die Visiefees gesing – ’n lied wat ons gerus meer dikwels kan sing!

Vervolgens is gevoel dat, as dit ons visie is, moet ons ook baie goed na die gemeente se strukture kyk (*nuwe wyn in nuwe wynsakke!*). Die vraag was: Wat is die volgende hoofstuk wat die Here in Moedergemeente se geskiedenis wil inskryf? Weer eens is die aanvanklike groep (en enige ander lidmate wat wou) genooi om een Saterdag in die Hofmeyrsaal bymekaar te kom om spesifiek hieraan te begin aandag skenk. Frederick het weer gefasiliteer en daar is begin deur die gemeente se geskiedenis op velletjies papier teen die een muur uit te pak tot op die punt waar ons nou ’n nuwe visie bepaal het met die vraag: “Wat is die volgende hoofstuk wat God in Moedergemeente wil skryf?”

Daar was verskeie uitdagings soos om geloofsonderskeidend te kyk en om te leer om die Here volledig te vertrou; om die pad saam met Hom te loop sonder om te weet waar ons sou uitkom. Een van die rigtinggewende tekste op hierdie stadium was Hebreërs 11:8: *Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.*

Die Here se seën was deurentyd en toenemend uitsonderlik en die volgende aksies, gebeure, inisiatiewe, planne en aanpassings aan strukture is slegs enkeles van vele wat uit die visieproses voortgespruit het en steeds voortspruit:

- Die *Netwerkkursus* (later die *Ontdek Jou Plek*-kursus genoem) is wyd in die gemeente aangebied en talle lidmate het hul passies, gawes en persoonlike styl ontdek en sommiges het vir die eerste keer besef dat hul gewone (sekulêre) werk net so deel is van die Here se werk as byvoorbeeld die werk van ’n predikant.
- Moedergemeente het betrokke geraak by die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes wat beklemtoon het dat ons na ander gestuur word, maar dat ander mense ook na ons gestuur word.
- Die samesmelting van Studentekerk en Moedergemeente het direk hierby aangesluit toe ons besef het die Here stuur op daardie stadium die studente na ons toe. Daar word ons toe nie net geseën met die aansluiting van die studente by ons nie, maar ook die groot seën van twee addisionele leraars, Marié Brits en Jan van Zyl.
- Voortspruitend uit, onder andere, die *Ontdek Jou Plek*-kursus word besluit om nie meer kommissies met slegs kerkraadslede daarin te hê nie, maar bedieninge waar alle lidmate welkom is. Die bedieninge het ontplof en baie gou was daar meer as 60 aktiewe bedieninge in ons gemeente. Met die studente as deel van Moedergemeente, is ook beduidende ekstra energie, inisiatief en entoesiasme toegevoeg wat bygedra het tot die groei van bedieninge wat soos strome water ver en wyd begin vloei en vertak het. ’n Belangrike bediening wat tot stand gekom het, is die Visioneringsgroep wat steeds deurlopend ons gemeente getrou aan ons visie hou.
- Die gemeente het ’n ongekende groeifase beleef met lidmaatgetalle wat oor tien jaar van ongeveer 800 tot meer as 2000 toegeneem het. Die predikantespan is stelselmatig uitgebrei en meer dienste op meer plekke is aangebied.
- Die Rivier van Lewende Water vloei ver – Mosambiek, Lesotho, Maleisië; en ook hier naby in ons eie omgewing – Stellumthombo, Straatlig, Masandise, BecomingKids en op vele ander plekke. Moedergemeente se uitgesproke doel het al hoe meer geword om waarlik as gestuurde gemeente te leef.

Frederick se eie ervaring as fasiliteerder van die hele proses het hy soos volg verwoord:

“Ek kan nie glo dit is twintig jaar later nie, die ervarings van die proses is nog dikwels vlak in my gemoed. Ek onthou die spanning by sommige van ons dat ons nie begin het by strukture nie, maar met ’n groeiende openheid gewaag het om dieper vrae oor God se toekoms vir die Gemeente te vra. Dit het ons broos gemaak – wat maak jy nou ’n hele uur as jy in stilte ’n Bybelteks lees, en jou gemoed oopmaak om die Here se stem te “hoor”?, maar dan die verwondering as daar tussen ’n klomp hardekoppe onverwags konsensus kom! Meer nog, om te sien hoe hierdie visie die leierskap so diep oortuig het dat hulle in die jare daarna waagstukke aangaan, soos wat hierbo beskryf word. As ek terugdink, is ek verwonderd oor wat gebeur as ons tyd maak vir God, en wag totdat die Gees ons beweeg en Christus ons vry maak om te kan waag. Vir my was dit net ’n voorreg om hierby betrokke te kon wees.”

Alhoewel ons visie vanjaar 20 jaar oud is, is die Here se seën steeds só duidelik sigbaar en tasbaar. Daar word gehoop dat alle lidmate opnuut geïnspireer sal word deur ons visie en hoe dit ontstaan het, en dat ons ons visie en Visielied nie net meer sal laat opklink in ons eredienste en ander byeenkomste nie, maar dat ons almal saam dit waar sal maak vir hierdie wêreld van ons wat so dors na die Lewende Water.

*Ludolph Botha, met dank aan Hannes Koornhof en Frederick Marais vir hulle insette*

# Eerstejaarskamp




Elke jaar begin ons by Kruiskerk met 'n eerstejaar-verwelkomingskamp by die Bergkroon-Kampeerterrein buite Wellington. Vanjaar was die tema "DNA". Ons het gekyk na *wat* dit is wat van ons die "Kruiskerk" maak. Ons was altesaam ongeveer 430 senior studente en nuwelinge.

Wat 'n geweldige voorreg om die eerste gesig van Stellenbosch vir hierdie nuwelinge te wees! *Richard van Wyk*



**Registrasiedag by Kruiskerk**



Nuwelinge en hul ouers by die registrasiediens in Kruiskerk



Die kringleierspan vertoon ons T-hemde met die "DNA" logo daarop



Die kosspan – absolute "legends"



So het ons die kampliedjie aangeleer—één van hart, één van sin!



**Links**: Ons "*colour run*" ten bate van kankervoorkoming

*Wat maak van ons die "Kruiskerk"?*






# Ranyaka
Activating Communities

***WE HARNESS THE POWER OF COLLABORATION AND ACTIVE CITIZENRY TO CO-CREATE THRIVING COMMUNITIES.***

Ranyaka is ’n nie-winsgewende stadsbeplanning konsultasie wat in 2013 gestig is om transformasiestrategieë in stede en gemeenskappe te ontwikkel. Hulle werk nou saam met plaaslike inwoners, burgerlike samelewingsentiteite, religieuse instellings, besighede, alle vlakke van regering, akademiese instellings en plaaslike transformasieagente om saam plekke te ontwikkel waar mense kan vooruitgaan en groei. Hulle werk tans in agt stede of dorpe in ses verskillende provinsies. Stellenbosch is een van die dorpe waarin Ranyaka werksaam is.

***A TRANSFORMED PLACE HAS THE POWER TO TRANSFORM LIVES.***

Ranyaka fokus op spesifieke plekke en sisteme. Mense en die integrasie van al die sektore in ’n dorp of stad is van die sleutelaspekte vir ’n gemeenskap se welwees. Hulle wil graag gesonde ekosisteme bou wat die fondament vir optimale ontwikkeling sal uitmaak.

***THROUGH COLLABORATION, WE TACKLE WHAT IS WRONG AND UNLOCK WHAT IS STRONG.***

Daar is verskillende belanghebbendes in elke omgewing wat dikwels geïsoleerd werk. Duplisering vind plaas sonder dat mense van mekaar se werksaamhede weet. Ranyaka poog om alle belanghebbendes met mekaar te laat skakel om sodoende die tranformasie-agente te versterk deur samewerking oor alle sektore heen te bewerkstellig.



***SMART INVESTMENT LOOKS BEYOND ISOLATED INTERVENTIONS.***

Ranyaka ontwikkel beter maniere van investering in sosiale transformasie. Hulle poog om meer volhoubaar te wees en om ’n impak te maak waar maksimum opbrengs op beleggings gelewer kan word. Nedbank se *Proud of my Town*-inisiatief is een van die voorbeelde van so ’n goeie belegging.

**DIE ROL VAN DIE KERK IN GEMEENSKAPSTRANSFORMASIE**



Op 3 Mei het ongeveer 60 verteenwoordigers van kerke en geloofsgebaseerde nie-winsgewende organisasies ’n slypskool (*workshop*) bygewoon wat deur Ranyaka gefasiliteer is. Tydens die byeenkoms het die deelnemers hulle huidige gemeenskapsontwikkeling-betrokkenheid in die verskillende gemeenskappe binne die breër Stellenbosch-omgewing gekarteer. Die doelwitte van die slypskool was:

- Om ’n duidelike prentjie te kry van al die kerkverwante sosiale geregtigheidsprogramme in die Stellenbosch gemeenskappe,
- Om al dié behoeftes in hierdie gemeenskappe te identifiseer waarby die kerke betrokke kan raak (byvoorbeeld: jeugprojekte, mentorprogramme),
- Om dienste/projekte wat gedupliseer word, te identifiseer en te koördineer,
- Om ’n platform te skep vir toekomstige samewerking binne en buite ’n bepaalde sektor, veral om sosiale geregtigheid aan te spreek.

Deur hulle interaksie in die gemeenskap skep Ranyaka die geleentheid vir kerke om op ’n meer volhoubare wyse saam te werk, duplisering uit te skakel en te identifiseer waar nood is, en daar betrokke te raak.

*Jam van Zyl*

Vir meer inligting besoek Ranyaka se webtuiste by www.ranyaka.co.za .

IN MEMORIAM

# Pang Basson

**18/3/1941 — 27/1-2019**

Toe ons as Moedergemeente in 1999 ons nuwe visie ontvang het, het ons aand na aand die verskillende wyke in die Kerkhuis ontvang en vir hulle verduidelik hoe lyk die gemeente-struktuur wat ons glo ons in staat gaan stel om die visie regtig te leef. Lidmate is aangemoedig om in terme van hulle gawes en lewensfase betrokke te raak daarby.

Na hulle wyk se gesprek, bly Pang agter om vir my te sê dat hy graag sal help indien ons ’n aflos-koster nodig het. Ons het hom begin inspan en toe die koster, Charl Möller, een middag skielik sterf, het Pang dadelik oorgeneem. Later het hy saam met die kosterskap ook die bestuur van Moedergemeente se eiendomme oorgeneem.

Hy het dit met meer as toewyding gedoen. Dit was sy lewe. Ongelukkig was hy soms onnodig streng en het hy mense se gramskap op die hals gehaal. Meermale moes ek vrede maak en vure doodslaan. Maar sy toewyding aan die eiendomme en eredienste van Moedergemeente is hoe hy sy toewyding aan die Here verstaan het. Dit was sy bediening en sy trots. Daarvoor sal ons hom altyd eer. (Hannes)

***

As ek aan Pang Basson dink, dan sien ek hom lag en dan het hy altyd ’n storie om vir my te vertel. Ek dink dadelik aan hoe lief hy vir die kerk was—iets wat hy dikwels gesê het—vir die gebou, die tuin, die mense. Hy was so presies - wat dit maklik gemaak het vir die mense wat met hom saamgewerk het.

Hy het soveel omgegee. Niks was ooit te veel moeite nie. Hy sou die wêreld omgekeer het vir mense vir wie hy lief was. (En die mense van wie hy nie gehou het nie, sou hy self omgekeer het!) Omdat hy op Stellenbosch grootgeword en sy lewe lank hier gewoon het, het hy die mees verbysterende netwerk gehad van mense wat met enigiets sou kon help. Ek mis hom in elke erediens. (Zorada)

***

Wanneer ek aan Pang Basson dink, bring dit ’n vreugde in my hart: sy oë wat vonkel met ’n ondeunde blink, en altyd bereid om te help waar dit gaan oor Moedergemeente, die kerk, die ander geboue en die tuine.

Die vreugde en stilte van ’n Saterdagmiddag as die troues afgehandel is en die blomme vir môre se erediens eers laatmiddag gedoen kan word; Pang wat vir jou moet (en wil) kom oopsluit en rustig gesels oor die dag se verloop - en natuurlik oor die rugby, met Ada wat elke dan en wan bel om die telling te gee. En dan, wanneer jy klaar gerangskik het, gee hy raad oor waar nog ’n blom of twee ingesit kan word, of sê hy dit lyk piekfyn en dan help hy opruim en stofsuig. Dit is alles helder, mooi herinneringe aan iemand wat nog tot op die einde van sy lewe vreugde kon vind in sy arbeid.



Ek dink aan die trots wat hy in die mooi kerktuin gehad het en die vreugde om vir jou te wys hoe mooi die irisse en die wit *Iceberg* rose blom. Om saam met hom deur die tuin te stap en toe te laat dat hy vir jou wys hoe netjies en skoon die tuin is en hoe wit die ringmuur blink, bring net dankbaarheid in my hart dat ek bevoorreg was om hom te kon ken. (Coreen)

***

’n Oproep van Pang: “Ou girl, hoe is jou tyd? Kan ons deur die kerktuin stap?”

Hy stap saam met my deur die tuin, gewoonlik met min woorde, maar met trots. ’n Enkele opmerking het my laat verstaan: so moet ons die tuin oppas en versorg, want dit is deel van kerk-wees. Dit was ’n wonderlike tyd van my lewe saam met Pang Basson. Ek eer hom vir sy toegewydheid en verantwoordelikheidsin. (Chrislén)

*Saamgestel deur Hannes Koornhof*

# Die Gemeente se Kuierfees in April was weer eens ’n hoogtepunt!



Die *toddler dash* het die ouers in ekstase gebring



Die 10 km wedloop spring rustig weg!




Vetkoek ten bate van Legacy

Ons tweede Kuierfees op die pragtige wynlandgoed Neethlingshof was weer eens ’n reuse-sukses en die samewerking van die lidmate (en hier kan ek maar die studente uitlig) was fantasties. Die 10 km en 5 km wedlope was weer eens baie gewild en die kindertjies (en veral hulle ouers) was gek oor die “*toddler dash*”.

Elke stalletjie se verkope is deur ’n aksie van die gemeente beman en die wins van elke stalletjie kan hulle aanwend vir hulle aksie.

So help die Kuierfees ons om die hande en voete van Jesus te wees.

*Richard van Wyk*



Varser as dit kry jy nie sommer nie !



Oe, lekkerrrr!!!

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

**’N PA WORD SAAM MET SY KIND GEBORE**

## "Ons Vader..." - 'n paar gedagtes oor Pa-wees

Wanneer 'n kind gebore word, word 'n pa gebore. Dieselfde geld natuurlik vir 'n ma, maar ten minste is dit vir haar 'n geleidelike proses; sy het nege maande om gewoond te raak aan wat besig is om te gebeur.

Maar selfs vir die mees voorbereide pa, gebeur alles gelyktydig. In die arms van 'n dokter sien hy sy kind vir die eerste keer. Dit is 'n prentjie wat in sy geheue ingemessel word en hy vir die res van sy lewe sal onthou. Hy het die skepping van die wêreld gesien. Dit het *sy* merk daarop. Hy het sy merk op *haar*. Twee lewens onuitwisbaar aan mekaar verbind.

Alle seuns en dogters raak maar êrens langs die pad bietjie 'verlore' soos hul grootword; veral as hul ernstig is oor die groot en grys vrae van die lewe. 'n Wyse pa sien dit vir wat dit is, en dit maak hom nie te bekommerd nie.

Selfs terwyl 'n pa die 'wette' van die huis neerlê, hoop hy dat sy kinders dit eendag sal breek soos hulle nodig het om dit te breek om hulself en iets beter as leë wette te vind. *“...in the end, the whole of life becomes an act of letting go, but what always hurts the most, is not taking a moment to say goodbye*” (Yann Martel). Sal hulle ooit weer hul pad huis toe vind? Wie weet...? Dit is die risiko van liefde. En hulle sal baie foute maak en stories kan deel van mislukking, seer en verlies. Maar soos Frederick Buechner sê: *"..every hard knock they ever get, knocks the father even harder still, if that’s possible, and if and when they finally come through more or less in one piece at the end, there’s maybe no rejoicing greater than his in all creation.*"

Dit het so algemeen geword om van God as "ons Vader" te praat dat ons maklik vergeet wat 'n buitengewoon mooi metafoor dit is.

*Irénée Heyns*

STOEPSTORIES

# Raar maar waar!

Ek stap my musiekkamer by die "*Pro Arte"-Skool* in Pretoria binne. Dis 'n tydelike geboutjie, met hokkies net groot genoeg vir 'n klavier, twee stoele en 'n tafeltjie. Ek gee hier blokfluitlesse; my ure is van twee tot ses.

Dis winter. Sesuur is dit al donker. Ek moet dan terugry na my huis in Irene, sowat twintig kilometer uit die stad. By die huis wag my bejaarde moeder en drie skoolgaande kinders – my man is êrens oorsee.

Ek plaas my hele bos sleutels, huis-, motor- en ander sleutels, soos altyd op die klavier en begin lesgee. Gedurende die middag lol ek nie oor tee nie en verlaat my kamer net eenkeer om, wel, ... die 'kamer te verlaat.'

Sesuur kom en ek reik na my sleutels. Die bos is weg. Nie bo, onder, agter of binne die klavier nie. Nie buite die gebou waar ek geparkeer het nie. Nie in die "kamerverlaat" nie. Onverklaarbaar nêrens nie.

Een kollega is nog daar. Sy bied haar motor vir my aan. Ek laai haar af by haar woonstel en ry huis toe. Hou die brandstofmeter benoud dop, die tenk is byna leeg.

Die volgende middag ry ek eers garage langs. Haar tenksleutel makeer. Die petroljoggie probeer sy eie sleutel – dit werk sowaar! Ek laai haar op by haar blyplek, vra die skoolsekretaresse of iemand my sleutels opgetel het. Maar nee.

Ek is radeloos Die sleutels het blykbaar soos mis voor die son verdwyn.

My motor is 'n Hillman Hunter. Al oud. Die duplikaatsleutel lankal weg.

"Ek het ook 'n Hillman," sê die sekretaresse onverwags. "'n Hunter?"



"Nee." Sy noem 'n nuwer model. My moed sak. Watter kans is daar dat haar sleutel op dieselfde model sal pas, laat staan nog 'n *ander* model?

"Probeer," sê sy.

Met die eerste draai vat die enjin.

My bos sleutels is nooit gevind nie.

*Eudore Allers*

## Moederkerk se tweede Manne-aand

Manne-aand 2019 was 'n reuse- sukses en 200 manne het die aand saam met Pietman die Skot terdeë geniet. Die organiseerders kan nie uitgepraat raak oor die ongelooflike goeie gesindheid vanuit die wynbedryf nie. Die wynmakers en wynboere het gratis wyn verskaf vir die aand, en eksklusiewe wyne geskenk wat opgeveil kon word, en selfs wyne geskenk as ge-lukstrekkings (lucky draws). Ons weet hulle word oorval met aansoeke vir goeie sake en, ten spyte daarvan, was hulle harte en hande nog steeds oop. Die geld word direk ingeploeg in die saailand van die koninkryk van God.

Ons beplan 'n opvolg vir 23 Julie 2020. Dagboek nou al want kaartjies is al amper weer uitverkoop ☺ R v W

0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0oo0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0oo0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0


GETUIENIS

# Wie ek is ná die verlies aan 'n lewensmaat ?



Hierdie getuienis is nie bedoel as 'n resep waarvolgens 'n mens die verlies aan 'n lewensmaat kan verwerk nie. Ek glo dat só 'n resep nie bestaan nie. God is die Bron van antwoorde aan elkeen op die regte tyd en wyse. Hierdie is die getuienis van my persoonlike ervaring.

Ná die afsterwe van my beminde kameraad van baie jare het ek in 'n emosionele vakuum geleef. In retrospek besef ek egter dat ek nooit alleen was nie. Die sagte, begrypende gees van God het my uit liefde "stomp" gemaak. Hy het geweet dat die pyn, rouheid en stortvloed trane wat sou volg, vir my 'n eensame dal van doodskaduwee sou wees. Getrou het God my in my vakuum tyd gegun om krag



te kry vir die pad wat sou voorlê.

In 'n dennebos in die Noordelike Halfrond het ek jare later bo alle twyfel besef dat 'n alleen routyd baie, baie belangrik is. God belowe Hy sal self die trane afdroog en dit is vir my 'n teken van God se onbeskryflike genade.

En die "nou"? Ek leef in die oortuiging dat ons Vader-God my seën met pragtige herinneringe, helende gedagtes en geliefde kinders wat elk ook deur 'n eie dal moes stap na die verlies aan 'n geliefde ouer.

Alle eer aan God, die Vertrooster!



**OUERSKAP**

# Positiewe lesse

Moeder Teresa merk tereg op: *The way you help heal the world is: you start with your own family.*

In ons doelgerigte samelewing waar ons “uitkomsgebaseerd” leef, kan dit maklik gebeur dat ons in ons huise klein “robotjies” grootmaak. As Moeder Teresa opmerk dat die heling van ons samelewing in ons huise begin, maak sy ’n belangrike punt. Die *Positiewe Ouerskap* kursus begin by *Kwaliteittyd* wat die fondament vir die pad van Ouerskap is. Wanneer ons vir ’n oomblik kan stop, asemhaal, alles los en *luister* na ons kinders, gebeur daar reeds ’n klomp belangrike goed. Behalwe dat ons kinders die boodskap kry dat pappa of mamma omgee en elke kind spesiaal is vir hulle, vind daar in luister heling plaas. Biskop Tutu maak iewers die opmerking: *We listen each other into healing.* Wanneer ons luister en empatiese response gee, eerder as om dadelik te wil help of raad te gee, gee ons erkenning aan ons kind se emosies, wat ’n belangrike komponent van emosionele intelligensie is. So ’n kind kom agter dat mamma of pappa hom of haar probeer verstaan en probeer agterkom wat hy of sy bedoel, wat positiewe uitwerkings op kinders se gedrag het.

In ons Positiewe Ouerskap-kursus in die tweede kwartaal was daar meer as 10 ouerpare wat deelgeneem het. Ek deel met julle ’n paar van die ouers se terugvoer:

*Ons het die kursus baie geniet en sou nie omgee as dit elke week was nie. Om uit ander se ervaring te leer, self te kan vertel, en ook tydens die samekoms herinner te kon word dat daar ander Christenouers is wat ook sukkel, het baie gehelp. Die kursus gee mens die geleentheid om ’n tree terug te staan, of net tot stilstand te kom, om ’n mens se eie optrede as ouer te hersien. Dankie, Jan, dat jou kinders ingestem het dat ons uit hulle persoonlike stories kon leer.*

’n Ouer van drie tienerseuns gee die volgende terugvoer:

*Dit was ’n leersame voorreg om deel te wees van die groep. Ek het waardering vir die professionele wyse waarop die kursus aangebied is, met ’n atmosfeer waarin almal gemaklik was om te praat oor hulle ervarings met hulle kinders. Verder was dit goed om te hoor dat die ander ouers ook opvoedingsuitdagings met hulle kinders ervaar.*

*Die kursus het ons geleer dat die res van die familie belangriker is as “ek,” en dat al die kinderprobleme oorkom kan word. Alles wat die kinders aangevang het, kan egter nie herstel word of teruggetrek word nie, maar ons kan hulle help om in die toekoms beter besluite te neem. Ons het verder geleer dat ons eerder moet luister en met empatie moet fasiliteer as om ons humeure te verloor en met ’n aanvallende houding te skel en met straf te reageer.*

*Wat ons geleer het, is nie noodwendig net op kinderopvoeding van toepassing nie, maar ook op alle verhoudings: by jou werk, in jou huwelik en binne jou sosiale kringe. Ons het verder geleer dat ’n mens nooit moet tou opgooi oor jou kinders nie, maar voordurend nederig op jou knieë moet bly, terwyl jy elke probleem hanteer soos dit opduik.*

Nog ’n ouer (van twee peuters) skryf die volgende:

*Ons voel bemagtig en toegerus vir die pad vorentoe. Ons sal vir seker weer vir ’n verfrissingskursus kom. Ek glo beter verhoudings met ons kinders is nou ’n groter realiteit as voorheen. Die kursus is van onskatbare waarde!*

Ek is diep geraak deur ’n epos van ’n pa wat verlede jaar die Positiewe Ouerskap kursus bygewoon het. Hy getuig dat die kursus hulle lewens verander het. Dan vertel hy hoe hulle agtjarige dogtertjie die loodlyn nou die dag vir hulle opgehou het deur die briefie wat sy vir hom geskryf het nadat hy en sy vrou ’n groot uitbarsting gehad het: “*Kan ons nie ophou baklei en mooi met mekaar praat nie? Kom ons gaan terug na ons waardes waarop ons besluit het . . .*”

Hy was aangenaam verras dat sy dogtertjie van agt jaar die waardes waarop hulle as gesin besluit het, onderskryf het, wat onder andere behels het om mooi met mekaar te praat, en dat sy hom as pa weer daaraan kom herinner het.

Mag ons huise al hoe meer ruimtes word waar genesing plaasvind en ons op dié manier ’n gesonde samelewing kweek.

*Jan van Zyl*

---

**KREATIEWE GEBED**

## Gebedsmandalas

’n Gebedsmandala is ’n ronde skets wat bestaan uit ’n fokuspunt in die middel met simmetriese patrone daaromheen. Hierdie gebedsirkels of -sketse is gebaseer op die simmetriese patrone wat ’n mens so dikwels in die geloofstradisie sien, soos byvoorbeeld in gebrandskilderde ruite. Ons is geskape na die beeld van God en met die vermoë om ook te kan skep. Daar is iets ongelooflik spesiaals daaraan om tydens stiltetyd kreatief te wees.

Een keer ’n week is daar ’n groep studente van Kruiskerk wat bymekaarkom om hierdie gebedsmandalas te teken. Ons teken in pen en nie met potlood nie. Die doel hiervan is om vrede te maak met jou foute, want as jy klaar geteken het, let niemand dit meer op nie en dit verseker dat elke mandala uniek is. Ons maak elke mandala klaar. Dikwels, as ons teken, is daar ’n stadium in die middel van die skets wanneer die skets nie belowend lyk nie, maar teen die tyd dat ons by die laaste sirkel kom, vorm dit altyd ’n mooi geheel.

’n Mens kan hierdie mandalas ook inkleur. Die metode wat gebruik word vir




stiltetyd is om al jou kleurpotlode voor jou uit te pak en jou oë toe te maak en vyf te trek. Daarna sit jy jou vyf kleure eenkant. Elke keer dat jy ’n nuwe seksie van die mandala inkleur, maak jy weer jou oë toe en trek een van jou vyf kleure. Die doel van die inkleur is om jou kop skoon te maak en jou te help fokus tydens stiltetyd, daarom kies jy nie bewustelik jou eie kleure nie en kan jy ontspan oor die uitkoms van die mandala. So word daar dikwels die mooiste kleurkombinasies gevorm.

Gebedsmandalas is ’n manier om kreatief met God te verkeer en om nuwe aspekte van jou eie kreatiwiteit te ontdek. Mag dit jou help om ’n nuwe aspek van jouself en jou verhouding met God te ontgin.

*Haletta Simpson*



**Sien die agterblad vir foto’s en voorbeelde**

MOEDERKERK
KRUISKERK

# Vir jonk en jonger!



DIE EWIGE KRINGLOOP: OUD WORD NUUT

## *The Hymnal Movement*

’n Nuwe beweging in die wêreld van kontemporêre aanbiddingsmusiek is die afgelope vyf jaar stelselmatig besig om die gesig van aanbidding te verander: *The Hymnal Movement*. ’n Mens sou kon aanvoer dat moderne aanbiddingsmusiek besig is om ’n *renaissance* te beleef waar daar, soos Erasmus van ouds sou sê, *ad fontes* (terug na die bronne) gekeer word. Hoekom? Want ’n nuwe generasie kerkmusikante en -musiekleiers in gemeentes herontdek (of ontdek, dalk vir die eerste keer) die skatkis van ou aanbiddingspraktyke en -liedere van die Christelike kerk wat deur die eeue heen gesing was.


Dwarsoor die wêreld word die tekste en melodieë van liedere wat as vergete bestempel was, weer in gebruik geneem en word daar nuwe lewe in hierdie liedere geblaas. Die pragtige ou himnes word aangepas vir ’n hedendaagse konteks en met ’n nuwe toonsetting spreek die klassieke waarhede opnuut tot die harte van veral jong gelowiges.

Hierdie beweging se wortels lê in Nashville, Tennessee, in die VSA, waar ’n vennootskap van kunstenaars genaamd “*Indelible Grace*” ou kerkliedere verwerk en opgeneem het. Ook in Birmingham, Alabama, in die VSA het ’n musiekgemeenskap genaamd “*Red Mountain Music*” soortgelyke albums opgeneem. Hierdie musiek het kerkgangers so aangegryp dat die beweging op voetsoolvlak in plaaslike gemeentes en later dwarsoor die wêreld versprei het.

In Suid Afrika en ook in die NG kerk vandag is hierdie beweging sigbaar (en hoorbaar). Jongmense en veral studente keer terug na die lirieke van die ou gesange en liedere wat nou toenemend tydens informele dienste ingespan word. Liedboekliedere word vir orkeste verwerk en word geleidelik weer van die geliefkoosde keuses wanneer ’n aanbiddingsdiens beplan word.

*Angelique Havenga*





OUD EN JONK

## Wat kan grootmense by die nuwe generasie leer?



“Ek is nie so oud nie, maar ek is vir seker nie meer ’n tiener nie!”, dink ek amper hardop terwyl ek Sondagaand vir oulaas deur die Hofmeyrsaal loop om seker te maak dat alles na die afgelope UP-tienerdiens opgeruim is. Hierdie gedagte kom by my op omdat die hoeveelheid dinge wat ek by die tieners gedurende hierdie saamwees leer, my weekliks oorbluf en in verwondering laat. Ek deel daarom graag drie van die dinge wat ek dink ons, as grootmense, by tieners vandag kan leer:

**1. Om die alledaagse te waardeer**. Dit is geen geheim dat tieners se leefwêreld met slimfone gepaardgaan nie. Hulle span hierdie tegnologie in vir vermaak, kommunikasie, maar ook om hul lewe te dokumenteer. Met toepassings soos Instagram en Snapchat deel tieners hul lewe met ander. Hulle neem nie net foto’s van groot gebeurtenisse nie, maar deel ook kiekies van die alledaagse. ’n Bord kos, ’n rit op pad skool toe, ’n weerkaatsing in die spieël; die doodgewone word in die besonderse omskep. Dit is immers in die alledaagse van ons lewens waar God ten diepste betrokke is.

**2. Om nuuskierig te wees.** Tieners is nuuskierig en gretig om te leer. Hulle benader die wêreld om hulle met verwondering en ’n onblusbare lus vir avontuur. Hierdie nuuskierigheid aangaande ander mense, plekke en maniere van doen, stel hulle in staat om oor grense – veral die vooropgestelde grense tussen mense – te beweeg. Dit is dikwels juis in die onbekende waar ons vir God opnuut ontmoet. Wanneer laas was jy oor die wêreld rondom jou nuuskierig?

**3. Om met oorgawe te leef.** Die woord “gematigd” word selde aangewend om die lewe van tieners te beskryf. Hulle leef en beleef die lewe met oorgawe: hulle neem risiko’s, hulle gryp nuwe geleenthede aan en hulle het met oorgawe lief. In ’n wêreld wat smag na mense wat met oorgawe van hulself gee, herinner tieners ons aan die oorvloed en oorgawe waarmee God ons seën – ’n oorvloed waarmee ons ander kan en moet dien.

*Angelique Havenga*




# Kinderkaskenades

MOEDERKERK KRUISKERK

Maatjies, julle weet mos almal dat God ons elkeen baie spesiaal gemaak het op ons eie unieke manier. Wel, vandag wil ek vir julle 'n geheim vertel oor julle handjies. Ons gebruik elke dag ons hande en vingers om te skryf, te speel, te teken en om aktief deel te neem aan sport. Ons hande is dus 'n baie belangrike deel van ons liggame. Net soos ons hande belangrik is, so is Bybel lees en bid ook baie belangrik. Het julle geweet dat, as jy na jou handjie kyk, dit vir ons kan help vir wie om te bid?

Kom ek vertel julle 'n bietjie.

Jou duim is die vinger naaste aan jou, dit beteken ons moet bid vir die mense wat vir ons baie beteken en ons harte propvol liefde maak. Dit is mense soos mamma, pappa, boetie, sussie, ouma, oupa en selfs baie spesiale maatjies.

Ons wysvinger laat ons dink aan mense wat ons help en leer soos onderwysers, dokters, brandweermanne en sommer al die ander op wie ons staatmaak om ons te help.

Ons middelvinger is ons langste vinger en dit laat ons dink aan al die belangrike leiers in ons land. Ons moet vir hulle ook bid sodat hulle ons land mooi kan oppas en dit vir ons lekker en veilig kan maak om in te woon.

Ons ringvinger is ons swakste vinger en dit laat ons dink aan al die mense wat siek is




lees verder op die agterblad

en swaarkry. Nie net kan ons vir hierdie mense bid nie, maar ons kan ook ons handjies gebruik om hulle te gaan help.


Die laaste vinger is ons Pinkie, die kleinste vinger aan ons hand. Dit laat ons didaaraan dink dat ons onsself altyd laaste moet stel en nie selfsugtig mag wees nie, maar eerder nederig en barmhartige Samaritane moet wees. Ja, ons kan vir onsself bid, maar dit is baie belangrik dat ons ook onthou om altyd dankie te sê vir alles waarmee Liewe Jesus ons geseën het, soos ons familie en ons talente.

So, volgende keer as jy weer so na jou handjies kyk, onthou hoe hul ons kan help om te bid. Jy mag ook hierdie geheim met jou maatjies gaan deel om hulle te help om saam te bid.


Baie groete,

*Tannie Marianca*









## Iets om te maak

Terwyl jy vir die mense soos op jou handjie aangedui, bid, teken en kleur dan jou eie gebedsmandala in!

